KOLOSSENSE : Christus, Die Hoof van die Liggaam

AGTERGROND

- Paulus het 13 briewe geskryf, 3 aan pastore van huis kerke en 7 aan gemeentes (aan 3 van hierdie gemeentes het hy 2 maal gekryf). Hierdie 7 gemeente-briewe vind sterk aansluiting by die 7 briewe wat Jesus geskryf het aan die 7 gemeentes in Openbaring.
- (sonder verdere uitleg en verduideliking....) Die brief aan Kolossense is die een wat teenoor die brief aan Laodicia geplaas word.
- Laodicia beteken "Mense regte/Human Rights" – die waarskuwing in die brief van Kolossense is vir alle tye, maar meestal vir 'n "laaste dae" groep gelowiges.
- Geskryf tydens gevangenisskap, 60 tot 62 AD
- Kolossense is 'n gemeente wat gestig was deur gelowiges uit die gemeente van Efese.
- Lede was gelowiges uit die heiden nasies en ongeveer 5 jaar oud toe die brief geskryf is.
- Paulus spreek sekere verkeerde elemente aan wat die gemeente infiltreer – eienaardig genoeg spreek Paulus Gnostiese elemente aan, tog het Gnostisisme formeel eers 200 AD in bestaan gekom
  - Ons kan aflei dat die vroë wortels reeds hier al bestaan het...
  - ... en dat Paulus 'n brief geskryf het "voor sy tyd" reeds, met wysheid van God om mense te waarsku teen iets wat nog in bestaan sou kom!!
- **Gnostici (Gnostics)**:-
  - Die naam is af gelei van die term "Gnosis" wat "Kennis" beteken. Dus kan hierdie mense enigiets vir hul volgelinge sê en hulle sal dit slaafs navolg – want "God het gespreek…"
  - Dit het oorspronklik begin ontwikkel in die 1ste eeu reeds na Christus. Dit het onder anderre gelei tot buite bybelse lerings en vals evangelies soos "Gospel of Judas". Die boek en Film "Da Vinci code" is gebaseer op die kult en op die "Evangelie van Judas".
  - Die gnostici glo daarin dat sekere mense spesiale geestelikke gawes het en met die geestes wêreld kan kommunikeer. God stuur boodskapper, Aeons, wat geheime inligting aan hierdie mense oordra. Die doel van hulle gawe is dan om ander mense in te lig van hierdie "verligte kennis".
  - Die ander apostels het ook reeds binne 50 jaar van die stigting van die Christen kerk met die wortels van hierdie kult gesukkel. Die briewe van Johannes, 2de brief van Petrus en ook Judas verwys na elemente van hierdie beweging (in die vroeë fases)
  - Hulle glo dat die siel en gees volmaak is en dat niks dit kan vuil maak nie. Alles wat materieël is (soos ons liggaam), is sleg – dus pleeg ons sonde in ons liggaam – maar dis aanvaarbaar want dis die siel wat hemel toe gaan. Dus kan jy sondig in hierdie lewe (en liggaam) en steeds verseker wees van jou redding – want die siel is onaantasbaar. Verlossing (salvation) is wanneer die perfekte gees verlos word van die slegte vlees, en dan hemel toe gaan.
  - Daar is 2 hoof strominge in Gnostici: Dekotiese- en Cerintian gnostieks
  - Dekotiese glo dat Jesus slegs geestelik was en 'n mistiese figuur was – 'n engel-wese.
  - Die Cerintians glo dat hy wel materieel bestaan het, maar dat hy nie die seun van God is nie, maar 'n reinkarnasie is. Hy is 'n geestelikke wese vas gevang binne 'n mens se liggaam. Toe hy gesterf het aan die kruis, het hy nie regtig vir ons sondes gestref nie, hy was net uiteindelik verlos van die vlees en was sy gees weer vry gelaat om terug te gaan hemel toe.

HOOFSTUK 1

In vers een identifiseer Paulus homself as 'n Apostel van Jesus Christus.

Kol 1:2 *aan die heilige en gelowige broeders in Christus wat in Kolosse is:*

- Eienaardig genoeg identifiseer hy sy gehoor as "Heilig en Gelowig"
  - Heilig = dis HOE God ons skep as geesmens met wedergeboorte.
  - Gelowig = dis die mens se reaksie op hierdie heiligheid, om in geloof te lewe

Kol 1:5 *vanweë die hoop wat vir julle weggelê is in die hemele,*

- Ons hoop is nie materieel en vergaanbaar nie – dis "weggelê" – word bewaar
- Ook genoem in Ef 4:4 en Tit 2:13 – die verskyning van Jesus by Sy wederkoms
- Geloof het te doen met die verlede – wat Jesus reeds gedoen het.
- Hoop het te doen met die toekoms – wat Hy nog SAL doen.
- Ons het Hoop (vir die toekoms) agv ons geloof (in dit wat Hy reeds vermag het)

Verse 9 tot 12 is 'n gebed van Paulus, reeds behandel in lesing 13.

Kol 1:13 *Hy wat ons verlos het uit die mag van die duisternis en oorgebring het in die koninkryk van die Seun van sy liefde,*

- Ons is los gemaak van die duiwel se mag en die oorheersing van sonde
- ... en behoort REEDS aan die koninkryk **van die Seun van sy liefde**
- Die koninkryk word identifiseer volgens sy karakter **– Jesus en liefde !!!**

Kol 1:15 *Hy is die **Beeld** van die onsienlike God, die **Eersgeborene** van die hele skepping;*

- Die god van die Islam geloof kan nooit geken word nie
- Ander gelowe soek nooit om hul god TE KEN nie, want die god se onkenbaarheid is sy grootheid en word slegs aanbid en dien in sy/haar onbekendheid
- God (Jaweh) wil geken wees, wil in verhouding wees en wil intiem deel wees van Sy kinders se lewe. Hy wil Homself **openbaar** aan die wat Hom liefhet
- Eersgeborene verwys NIE NA "orde van skepping nie", maar verwys na "orde van posisie – 'n rang orde"
  - M.a.w. Jesus was NIE deur God geskep nie, "Hy was" – Joh 1:1
- Kom ons kyk na "eersgeboorte reg" as 'n posisie – nie 'n orde van geboorte nie:
  - Ishmael en Isak – Isak ontvang eersgebore erfdeel
  - Esau en Jakob – Jakob ontvang eersgebore erfdeel
  - Reuben en Josef – Josef ontvang 2 porsies erfreg en gaan na sy 2 seuns
- **Psa 89:27** Ja, Ék sal hom 'n eersgeborene **maak**, die hoogste onder die konings van die aarde.

Kol 1:16 *want in Hom is alle dinge geskape wat in die hemele en op die aarde is, wat sienlik en onsienlik is, trone sowel as heerskappye en owerhede en magte—alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape.*

- Alles wat in die materiele en die geestelike realm is – is aan Christus onderhewig
- Daar is geen godsdiens, of kultiese mag of enigiets of enigiemand wat ons as wedergeborenes enigiets kan bied nie !!! Christus is BO ALLES

Kol 1:17 *En Hy is voor alle dinge, en in Hom hou alle dinge **stand**. (KJV: consist)*

- Joh 1:3
- Chritus hou fisies alle dinge aan die gang – soos dit nou is. As Hy dit sou los – sou alles in die heelal dis-intigreer – "disolve"
- En dit sal gebeur wanneer hierdie wêreld tot 'n einde sal kom, en die Nuwe hemel en Nuwe aarde geskape word
- **Heb 1:3** *Hy, wat die afskynsel is van sy heerlikheid en die afdruksel van sy wese en* ***alle dinge dra deur die woord*** *van sy krag,*

Kol 1:20 *en dat Hy deur Hom alles met Homself sou* ***versoen*** *nadat Hy* ***vrede*** *gemaak het deur die bloed van sy kruis—ek sê deur Hom—die dinge op die aarde sowel as die dinge in die hemele.*

- Ons is die ontvangers van 'n liefdesdaad wat aan die kruis gebeur het

Kol 1:26-27 *naamlik die* ***verborgenheid*** *wat van die eeue en geslagte af verborge was, maar nou* ***geopenbaar*** *is aan sy heiliges, aan wie God wou bekend maak wat die rykdom van die heerlikheid van hierdie verborgenheid onder die heidene is, dit is* ***Christus onder julle*** *(**KJV:** Christ **in** you), die hoop van die* ***heerlikheid****.*

- mustērion - (to *shut* the mouth); a *secret* or "mystery" (through the idea of *silence...)* (*Strong's Exhaustive Concordance by James Strong, S.T.D., LL.D., 1890*)
- Let wel dit word eerstens openbaar – nie 'n intellektuele oortuiging nie
  - Jy moet dit GLO voor God dit aan jou sal openbaar.
  - Dus weet NIE ALLE gelowiges dit nie, alhoewel dit tot hul beskikking is!! Hulle moet dit glo !
- Tweedens – dis aan die heiliges. Die wêreld kan dit NOOIT, op enige manier verstaan nie
- Heerlikheid = "Glory"
  - Wat is die heerlikheid/Glory van God?
  - As ons al God se eienskappe neem, regverdigheid, heiligheid, wysheid, volmaaktheid, liefde, sagmoedigheid, lankmoedigheid ens. Ens. – en jy plaas dit als saam dan vorm die somtotaal van al eienskappe van God Sy Glorie/heerlikheid/"Glory"
- Christus in ons is die ENIGSTE wyse om hoop te hê op hierdie heerlikheid – en ons moet hierdie heerlikheid NOU reeds in hierdie lewe ervaar en teenwoordig wees in ons lewens.
- Dit kan net gebeur as ons WEET EN LEEF DAT Christus IN ons is – Christus kom nie in ons woon wanneer ons die waarheid hiervan glo nie – dit gebeur reeds met wedergeboorte !!!
  - Die kennis rus ons egter toe om so te leef – om te WEET is om eers vry te word van die laste van die wêreld, die wet, mens-gemaakte doktines, veroordeling ens..
  - ... en die heerlikheid sal in ons lewens begin skyn – in hierdie lewe op aarde reeds
- Sonder die kennis van Christus in Ons, sal dit slegs tot baie beperkte vlak kan groei en dan stagneer

Kol 1:28-29 *Hom verkondig ons, terwyl ons elke mens vermaan en elke mens in alle wysheid onderrig, om elke mens volmaak in Christus Jesus voor te stel; waarvoor ek arbei en stry volgens sy werking wat in my werk met krag.*

- Hierdie opmerking "*Hom verkondig ons"* beteken dis 'n afgehandelde werk – Christus leef in elke gelowige – jy kan Hom nie nog ontvang nie, Hy's in jou, of jy dit weet of nie.
- Hierdie opmerking volg direk na die bekendstelling van die geheimenis: Christus in Ons.!!
- Dit sluit aan by **Rom 16:25** & **Ef 6:19** & **Kol 4:3** dat die prediking moet wees aangaande die openbaring van die geheimenis van Christus in ons, en die implikasies daarvan vir ons totale lewe en verhouding tot God, want **NIKS VOOR** die kruis kan ons leer hoe om te lewe en hoe God met ons deel **NA** die kruis nie.

HOOFSTUK 2

Kol 2:1 *Want ek wil hê dat julle moet weet wat 'n groot stryd ek oor julle het, en oor die wat in Laodicéa is en almal wat my aangesig in die vlees nie gesien het nie,*

- Paulus in stryd – Grond teks = agony
- Verwys weer na Laodicia – enigste van 7 kerke in Openb 2 & 3 wat GEEN aanprysing ontvang, en net vermaning en terregwysing
- Die kerk het menslikke gesag en regte bo die gesag van God begin stel.

Kol 2:3 *in wie al die skatte van wysheid en kennis verborge is.*

- Wysheid en kennis was baie prominente terme in Gnostici, iets edels om na te streef
- Wysheid = is om insig in iets te hê en die vermoë om dit te verdedig
- Kennis = die vermoë om die waarheid te verstaan en in te sien

Kol 2:8 *Pas op dat niemand julle as 'n buit wegvoer deur die wysbegeerte en nietige misleiding nie, volgens die oorlewering van die mense, volgens die eerste beginsels van die wêreld en nie volgens Christus nie.*

- Wysbegeerte = Filosofie
- Filosofie is eintlik die geskiedenis van hoe die mens sy opinie oor kennis en die ontstaan van dinge oor die eeue gereeld verander !!
- Wysbegeerte het 'n beeld van intelektuele superioriteit, en dus gesien as "reg" deur diegene wat nie die kennis het om dit te weerlê nie, dus baie intimiderend en word maklik aanvaar as "slim" en "waar"
- Wanneer mens egter in verhouding groei met Christus en groei in die kennis van die Woord van God, besef 'n mens dat slegs God die waarheid het – mense het misleidende idees en die idees is volgens die eerste beginsels van die wêreld (*'n plek van 'n sonde-vervalle mens, vasgevang in wêreldse wysheid – dus kennis wat die duiwel in mens inspireer*) en God se waarhede is baseer op Sy grootheid en SY REALITEIT.
- God kan ook nie in waarheid en ten volle geken word in KENNIS en wêreldse wysheid nie !!! God, Sy Woord, Christus in ons en die werk van die Heilige Gees word waarlik geken in OPENBARING, nie met die intellek. Daarom plaas God Sy Gees in ons, sodat ons Hom kan ken BUITE ons intellek.
- **1 Kor 1:30** *Maar deur Hom is julle in Christus Jesus, wat vir ons geword het wysheid uit God en geregtigheid en heiligmaking en verlossing.*

Kol 2:9-10 *Want in Hom woon al die volheid van die Godheid liggaamlik; en julle het die volheid in Hom wat die Hoof is van alle owerheid en mag*

- Volheid = completion = filled up
- ... Jesus het steeds 'n fisiese liggaam, die opgestane liggaam, maar ons is ook Sy liggaam.

Kol 2:11-13 *in wie julle ook besny is met 'n besnydenis wat nie met hande verrig word nie, deur die liggaam van die sondige vlees af te lê in die besnydenis van Christus, omdat julle saam met Hom begrawe is in die doop, waarin julle ook saam opgewek is deur die geloof in die werking van God wat Hom uit die dode opgewek het. En julle, wat dood was deur die misdade en die onbesnedenheid van julle vlees, het Hy saam met Hom lewend gemaak deurdat Hy julle al die misdade vergeef het,*

- Ons weet reeds dat die Ou Testament 'n skadu beeld is van die waarheid wat sou kom = Jesus

- Die besnydenis was ook deel van 'n skadu beeld – dis net so afgehandel soos die bring van offers, die aanbidding in tempels en vele meer.
- Ons is die tempel van God, Christus was die finale offer, Christus verlos ons van die sonde – ons ontvang die WARE besnydenis (van sonde), die besnydenis van die vlees verval !!

Kol 2:14-15 *en die skuldbrief teen ons, wat met sy insettinge ons vyandig was, uitgedelg en weggeruim het deur dit aan die kruis vas te nael, nadat Hy die owerhede en magte uitgeklee en hulle in die openbaar tentoongestel en daardeur oor hulle getriomfeer het.*

- Skuldbrief – ons is gevonnis !!! maar Jesus neem ons straf.
  - In die Romeinse tyd, as 'n persoon sy gevangenis ontsnap het, sou die Tronk wag wat hom moes oppas die oorblywende vonnis uitdien !!! Jesus het dit oorgeneem
- *met sy insettinge* – **in KJV***: handwriting of ordinances*
  - die insettinge was met God se hand self geskryf, en Jesus neem dit oor.
- ***Dit hang aan die kruis – bedek met Jesus se Bloed***
- Die duiwel en al sy magte IS OORWIN !!!!!!!!!!!!!!
- TETELESTAI = die term gespreek deur Jesus aan die kruis beteken:
  - Die skuld is afbetaal – geen verdere eise kan ingestel word
  - Die vonnis is uitgedien – jy kannie weer aangekla word nie
  - Die kreed van oorwinning oor die vyand - die geveg is afgehandel

Kol 2:20-23 ***As julle dan*** *saam met Christus die eerste beginsels van die wêreld afgesterf het, waarom is julle, asof julle nog in die wêreld lewe, onderworpe aan insettinge soos: raak nie, smaak nie, roer nie aan nie? — almal dinge wat deur die gebruik bestem is om te vergaan— volgens die gebooie en leringe van mense, wat, alhoewel dit 'n skyn van wysheid het, in eiesinnige godsdiens en nederigheid en in gestrengheid teen die liggaam,* ***geen waarde*** *het nie, maar strek tot versadiging van die vlees.*

- *"As julle dan... afgesterf het..."* – dit verwys na 'n aanvaarde en afgehandelde FEIT !!
- Wettisme is wêrelds van natuur – dis uit mense uit en nie God
- Dit lyk net soos wysheid, maar is nie God se wysheid nie
- Leringe van mense en dit versadug DIE VLEES, nie die gees !!

HOOFSTUK 3

Kol 3:1 *As julle dan saam met Christus opgewek is, soek die dinge daarbo waar Christus is en aan die regterhand van God sit.*

- Sommige mense wat nie die In Christus boodskap kan verstaan of aanvaar nie vind dit moeilik om te rekonsilieer dat Christus IN die gelowige woon (soos 146 na verwys in die Nuwe Testament) met die inligting dat Jesus sit aan die regterhand van God.
- Let wel dat Paulus duidelik hier verwys na die OPGESTANE Jesus. Sy aardse liggaam het opgestaan uit die dood en opgevaar na die Hemel. Sy verheerlikte liggaam kan net op een plek wees – nie alomteenwoordig nie.
  - Tog sal ons nie aanvaar dat Jesus net op een plek kan wees nie.
  - Hierdie aspek is wel voorheen bespreek – die Gees van Christus (die Christus VOORDAT Hy in 'n menslike liggaam gebore was) leef IN die gelowige en Hy is alomteenwoordig!! Jesus was Gees (Gen 1:26; Joh 1:1) voor Hy gebore was op aarde !!
  - **2 Kor 13:5** ...Of is julle nie seker van julself dat Jesus Christus in julle is nie...
  - ***Sien Gal 2:20 !! –*** en vele ander. Sien **Lesings 6 & 7**

Kol 3:3 *Want julle <u>het</u> gesterwe, en julle lewe is <u>saam met Christus verborge in God</u>.*

- Die wedergeborene is dood vir 3 dinge:
  - Sonde – Rom 6 & 7
  - Die Wet – Rom 7 en Gal 2
  - Die Eerste Beginsels van die wêreld – Kol 2:20
- *... saam met Christus verborge in God...*
  - "Verborge" beteken nie dis onbekend aan ons nie – maar verwys eerder na ons sekuriteit wat ons het dat dit eg is en IN God is
  - Dis wel verborge/geheim van die mense van die wêreld:-
    - Verlossing en wedergeboorte en dat die LEWE in Chjristus alleen is
    - Jesus as ware verlosser en enigste weg na God
    - Die geestelike waarhede en geestelike (wedergebore) mens

Kol 3:4 *Wanneer <u>Christus</u>, wat ons <u>lewe</u> is....*

- Lewe = **zōē**
- Baie sal dink dat Zoe/lewe is die volheid van die lewe, geluk, vervulling, seëninge, materiële sukses, daardie "feel good" tipe lewe en dan dit ook nastreef.
  - Dis egter net die vrug van-, die uitvloeisel van-, die gevolge van die ware Zoe, die ware LEWE is **CHRISTUS**.
  - as ons dit mis – mis ons WAAR om die vrug te kry. Ons sal voordurend hierdie dinge soek en nastreef en sal ons uit werke dit wil skep – ons sal misluk. Wanneer ons dit nie susksesvol reg kry nie, lei dit tot verdere self-oordeel en skep dit die identiteit van swakeling/mislukking.
  - Ons kannie mense 'n OPDRAG GEE in Zoe te floreer nie.
  - Christus IS die lewe – my verhouding met Christus – MY KENNIS VAN CHRISTUS IN MY – sal die ware lewe, geluk, rus, tevredenheid ens. bring in my lewe – Christus sal dit bring!!
  - Met tye van swakheid sal die persoon wat in Christus wandel steeds weet dat wanneer hy dit nie ERVAAR nie, sy identiteit steeds in Christus is, wetende dat dit die vlees is wat buite God se wil is en my identiteit sal nie oorgaan na self veroordeling nie.

Kol 3:9-10 ... omdat julle die oue mens met sy werke afgelê het en julle jul met die nuwe mens beklee het wat vernuwe word tot <u>kennis</u> na die <u>beeld</u> van sy Skepper

- 'n verwysing na die boodskap in Rom 6 en Rom 8 !!
- Ons word vernuwe TOT KENNIS – die werk in ons is afgehandel en volmaak <u>in Christus</u> – die tekortkoming is nie om meer te ontvang nie, dis om KENNIS te hê.
- Belangrik om ag te slaan dat ons vernuwe na die BEELD van God.
  - Die Gnostici en vandag ook die "Emerging Church" en New Age sal beweer dat God in ons is en ons self god kan word.
  - Selfs die "In Christus" boodskap word vandag vervuil met die idee dat Christus in ons, maak ons soos God en dus word ons gode. Dis 'n vals lering en 'n verdraaing/vervuiling van die mooi waarheid van Christus en ons.
  - God is bo als en almal – net Hy is God, ons is Sy KINDERS

Kol 3:23 *En wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie,*